# 2021

# AfriForum se veg-en-bou-plan

’n Vry, veilige en voorspoedige toekoms vir Afrikaners aan die suidpunt van Afrika

AfriForum

# 2020: 'n Jaar van versnelling

Die jaar 2020 was 'n onstuimige jaar vir die wêreld – ook vir Suid-Afrika en vir Afrikaners in besonder. AfriForum het egter daarin geslaag om selfs in dié moeilike jaar van krag tot krag te groei, terwyl baie ondernemings hul deure gesluit het. Die inperking in reaksie op die koronavirus het in Maart in werking getree. Voor die inperking het AfriForum sowat 240 000 lede gehad. Ten spyte daarvan dat die staat van inperking tot enorme werksverliese gelei het, duisende sakeondernemings hul deure moes sluit en dat baie drukgroepe in hierdie tyd relevansie verloor het, het kommentators opgemerk dat AfriForum se aktiwiteite kop en skouers uitgestaan het. AfriForum het die nuus oorheers en sy posisie as leier-rolspeler in die stryd vir die vryhede van Afrikaners en ander minderhede versterk. Dit het daartoe bygedra dat AfriForum teen die einde van 2020 meer as 268 000 lede gehad het – 'n netto-ledegroei van meer as 25 000.

Verskeie verwikkelinge wat in 2020 en spesifiek tydens inperking plaasgevind het, moet hier vermeld word om konteks te gee aan AfriForum se beplanning vir die jaar 2021. Eerstens word enkele buitelandse gebeure uitgelig:

1. Leidende stemme in die internasionale samelewing het opgegaan vir die daarstel van 'n wêreldregering of groter sentralisering van mag – nie net in state nie, maar ook tussen state.

2. Daar bestaan 'n wêreldwye weerstand teen sentralisering en die verdere ontwikkeling van 'n internasionale konserwatiewe beweging.

3. Daar is 'n toename in spanning tussen twee pole wat op verskeie maniere beskryf kan word, insluitend globaliste teenoor lokaliste; links vs. regs; sentraliseerders vs. desentraliseerders; individualiste vs. gemeenskapsdenkers.

4. China het 'n impak op die wêreld gehad het, maar het verantwoording vir die koronavirus vrygespring.

5. Daar was 'n verdere toename in die sogenaamde "rise of the rest", wat gepaardgegaan het met druk op die Westerse beskawing.

6. Daar bestaan 'n verdere ontnugtering met liberale demokrasie en die voortsetting van die demokratiese resessie.

7. State se vermoë om beheer oor hul burgers uit te oefen het verder verswak – wat met toename in staatsaggressie gepaardgaan.

Binne die konteks van dié internasionale verwikkelinge was daar in Suid-Afrika ook bepaalde belangrike gebeure waarop daar ag geslaan moet word:

1. Die inperking het 'n uiters nadelige impak op die ekonomie, wat werksverliese insluit asook 'n toename in voedselonsekerheid en sosiale onrus wat eers neerslag sal vind in die jare wat voorlê.

2. Die afgradering van Suid-Afrika se soewereine kredietstatus na rommelstatus deur die graderingsagentskap Moody's het beleggersvertroue verder geskaad.

3. Die regering het hom tydens die inperking aan skreiende magsvergrype skuldig gemaak – insluitend die regulering van kosvoorsiening en die verpligte isolasie van mense wat positief getoets het vir die koronavirus in kwarantynfasiliteite wat nie aan basiese standaarde voldoen nie.

4. Die regerende party het sy nasionale demokratiese revolusie voortgesit, wat die sentralisering van mag en 'n fundamentalistiese rasse-ideologie insluit, selfs tot op die punt waar maatskappye wat vir hulpverlening aansoek doen, op

grond van ras deur die regering gekeur word – 'n praktyk wat boonop deur die hof onderskryf is.

5. Die regering het sy inisiatief voortgesit om die Grondwet te wysig om die staat toe te laat om privaat eiendom sonder vergoeding te onteien.


6. Die regering het sy vyandige houding teenoor die Weste verskerp en 'n gepaardgaande vriendskaplike verhouding met China gevestig.

7. Daar was 'n drastiese afname in vertroue in die regering, veral onder Afrikaners.

8. Geleenthede is geskep en tegnologie ontwikkel wat dit vir die publiek makliker maak om hulself teen die staat te verskans.

9. Daar is 'n toename in Afrikanerbetrokkenheid by protesaksies, veral oor kwessies soos plaasmoorde. AfriForum se ankergemeenskapstrategie is ook gedurende 2020 verfyn sodat dit in 2021 in werking gestel kan word. Dié dokument sal 'n toonaangewende rol speel in AfriForum se inisiatiewe om plaaslike gemeenskappe te mobiliseer en te organiseer.

Dit inaggenome, berei AfriForum voor op versnelde staatsverval in die jare wat voorlê. Dit beteken egter ook dat AfriForum sy eie aksies sal moet versnel om vinniger vir die gemeenskap alternatiewe te bied op hierdie verval. Die versnelde staatsverval (wat met 'n vinniger-dalende afwaartse lyn uitgebeeld word) teenoor die versnelde aksies deur AfriForum, (wat met 'n vinniger-stygende opwaartse lyn uitgebeeld word), word as die skêreffek beskryf, soos wat daar in Figuur 1 uitgebeeld word.




*Figuur 1: Staatsverval vs. versnelde AfriForum-aksies*

Met hierdie verwagte versnelde staatsverval wat in die vooruitsig gestel word, beplan AfriForum om sy veg-en-bou-strategie in die komende jare aansienlik te verskerp.

# Veg en bou!

AfriForum se veg-en-bou-plan is gegrond op AfriForum se missie, wat soos volg lees:

**Missie:** *AfriForum werk om te verseker dat daar aan die basiese voorwaardes vir die voortbestaan van Afrikaners voldoen word, deur as 'n geloofwaardige Afrikanerbelange-organisasie en burgerregtewaghond – wat deel van die Solidariteit Beweging vorm – buite die werksplek op internasionale, nasionale en plaaslike vlak die impak van die huidige politieke werklikhede op Afrikaners te hanteer en te probeer beïnvloed, terwyl daar terselfdertyd gewerk word om volhoubare strukture te vestig waardeur Afrikaners selfstandig hul eie voortbestaan kan verseker.*

Wanneer AfriForum sê dat ons veg en bou, bedoel ons die volgende:

Die veg-en-bou-plan behels kortliks dat AfriForum vír geregtigheid en téén agteruitgang veg, en dat die organisasie terselfdertyd prakties op voetsoolvlak alternatiewe werklikhede bou wat dit vir ons gemeenskap moontlik maak om met 'n groeiende mate van selfstandigheid en selfbestuur na ons eie belange te kan omsien.

Die bou-deel van ons benadering is die belangrikste vir ons om 'n volhoubare toekoms te skep. Ons veg hoofsaaklik om staatsverval te vertraag en om vir ons die ruimte te skep om 'n toekoms te bou. Ons bly werk vir suksesse deur beïnvloeding van die werklikheid met ons veg-benadering, maar die langtermynoplossings lê in ons bouplan. AfriForum se strategie is dus om alternatiewe werklikhede te bou terwyl ons veg-aksies, wat gemik is op die beïnvloeding van die werklikheid, slegs taktiek is wat ons bou-strategie bevorder.

Die plan kan op byna elke lewensterrein toegepas word. Wat die behoud van Afrikaans op tersiêre vlak betref, kan as voorbeeld gewys word dat AfriForum in die howe veg sodat Afrikaans by openbare instellings sy regmatige plek kan kry. Gelyklopend sal die Beweging selfstandige instellings soos Akademia en Sol-Tech bou.

# AfriForum se vyf oorhoofse kernfokuspunte

In die uitvoer van AfriForum se veg-en-bou-plan om 'n toekoms te skep, word daar spesifiek daarop klem gelê dat alle aksies tot die bereiking van een of meer van AfriForum se vyf oorhoofse kernfokuspunte moet bydra. Dié vyf oorhoofse kernfokuspunte is bepaal met inagneming van AfriForum se akte van oprigting, visie, missie, burgerregtemanifes en ander beleid- en begrondingsdokumente.

Die vyf oorhoofse kernfokuspunte is soos volg:

## 1. Veiligheid

Dit fokus daarop dat AfriForum se werksaamhede tot 'n veilige samelewing moet bydra waarin AfriForum se lede, ondersteuners en ander burgers veilig is en voel.

## 2. Selfstandigheid

AfriForum se werksaamhede moet bydra om selfstandigheid en groeiende selfbestuur te vestig onder Afrikaners en




die gemeenskappe waarin hulle woon en werk.

### 3. Kulturele identiteit

AfriForum se werksaamhede moet bydra om die Afrikaneridentiteit, -kultuur en -geskiedenis, asook die Afrikaanse taal te beskerm en uit te bou, met die doelwit dat Afrikaners met behoud van hul identiteit blywend as gemeenskap sal voortbestaan.

### 4. Geregtigheid

AfriForum se werksaamhede is grootliks daarop gerig om te help toesien dat geregtigheid op verskeie vlakke geskied. In dié opsig strek die geregtigheid wat ons nastreef wyer as bloot Afrikanerbelange; dit sluit ook geregtigheid in die samelewing as geheel in. Gevolglik dien geregtigheid as belangrike maatstaf vir AfriForum se werksaamhede.

### 5. Organisasiebou

Hoewel AfriForum bloot ’n voertuig vir die bereiking van ’n groter doel is, is dit ook waar dat die bereiking van al AfriForum se doelwitte afhanklik is daarvan dat AfriForum so sterk moontlik is. Daarom is die versterking van AfriForum as organisasie ’n kernfokus om die bereiking van ons ander doelwitte moontlik te maak.

# AfriForum se sewe strategiese doelwitte

In die lig van die noodsaak om AfriForum se uitsette te versnel, het AfriForum gedurende 2020 op ’n lys van sewe strategiese doelwitte ooreengekom. Hierdie doelwitte word kortliks uiteengesit.

### 1. Die bevordering van selfbestuur

- Dit behels dat AfriForum Afrikaners moet belyn met ’n volhoubare strategie vir selfbestuur, desentralisering van mag (federalisme) en die ontwikkeling van grondgebiede waar Afrikaners die meerderheid is.
- Dit behels ook dat Afrikaners ondersteun moet word met ’n proses om hulle in die praktyk teen die staat te verskans.

### 2. Die vestiging van AfriForum as grondvlakbeweging

- Dit behels die uitvoering van die ankergemeenskapstrategie.
- Dit behels verder dat AfriForum gevestig moet word as ’n organisasie

waarmee Afrikaners hulself met gerustheid in die openbaar kan vereenselwig.

## 3. Die bevordering van gemeenskapsdenke

- Afrikaners is reeds gemeenskapsdenkers, in teenstelling met die ideologieë van Suid-Afrikanisme en individualisme wat druk op mense plaas om afstand van hul kulturele identiteit te doen. AfriForum hoef dus nie gemeenskapsdenke as oplossing voor te hou nie, maar moet wel 'n rol speel om inhoud aan hierdie denke te gee en dit prakties te maak.

- Dit behels verder dat AfriForum se aksies spruit uit skeppende vernuwing, gegrond op beproefde waardes en ervaring; asook op 'n benadering van wedersydse erkenning en respek en vreedsame naasbestaan.

- Dit behels verder dat die Solidariteit Beweging se "Plan B" (selfbestuur) herverpak moet word as "Plan A".

## 4. Die internasionalisering van Afrikaners se stryd

- Dit behels die internasionalisering van Afrikaners se stryd, wat AfriForum se onderskeie veldtogte en projekte insluit.

- Dit behels verder dat AfriForum homself – op sy eie voorwaardes – nie net in breër internasionale konserwatiewe beweging moet posisioneer nie, maar ook waarde tot hierdie beweging toevoeg.

- Dit behels ook dat AfriForum steun vanuit die buiteland moet werf, wat finansiële steun insluit.

## 5. Posisionering in die hoofstroom

- Dit behels dat AfriForum hom as 'n aktuele hoofstroom-konserwatiewe beweging posisioneer, in teenstelling met 'n regse beweging.

- Dit behels verder dat AfriForum op 'n groter vlak met ander kultuurgemeenskappe moet saamwerk om gemeenskaplike doelwitte en gedeelde belange te bevorder.

- Dit behels ook dat breedweg 80% van Afrikaners hulself in die openbaar met AfriForum moet kan vereenselwig.

## 6. Die besieling van Afrikaners

- Dit behels dat Afrikaners nie net hoop moet hê as gevolg van dit wat AfriForum doen nie, maar dat hulle moed skep om self betrokke te raak.

- Dit behels verder dat mense nie net by AfriForum aansluit nie, maar deel word van AfriForum en dat hulle begeester word om eerder aan die suidpunt van Afrika te bly om 'n beter toekoms te skep, as om te vlug vir die probleme.

## 7. Organisasiedoeltreffendheid

- Dit behels die belyning van die organisasie ingevolge die organisasie se visie, missie, fokusareas en die uitkomste van die stop-en-fokus-proses.

- Dit behels verder dat die organisasie se waardes en die inhoud van die kultuurdokument deur elke AfriForum-personeellid en -vrywilliger uitgeleef word.

- Dit behels voorts dat die organisasie volgens impak en uitsette ingerig moet word en dat die geleentheidskoste van elke aksie oorweeg word.

- Dit behels ook dat die organisasie se aksies ingerig moet word om ledewerwing en -behoud te optimaliseer.

- Dit behels ook dat AfriForum se

begroting moet spreek tot die organisasie se strategie.

# AfriForum se veg-en-bou-plan vir 2021

AfriForum se plan vir die jaar 2021 is saamgevat in 'n bestuursdokument genaamd AksieTwintig21. Wat hier volg is 'n opsomming van die inisiatiewe wat AfriForum vir die jaar 2021 in die vooruitsig stel om aan die organisasie se veg-en-bou-plan uitvoering te gee.

## AfriForum sal veg vir geregtigheid deur die volgende te doen:

1. Regsaksies en hofsake om toe te sien dat die howe en die regstelsel gebruik word daar waar dit ruimte bied vir die beskerming van minderhede se regte.
2. Privaat vervolging van individue, daar waar die strafregstelsel daarin misluk om toe te sien dat niemand verhewe bo die reg is nie.
3. Die bevordering van 'n internasionale veldtog vir bewusmaking oor plaasmoorde, onteiening sonder vergoeding en korrupsie; en om steun te werf vir AfriForum se standpunte.
4. Die bevordering van nasionale veldtogte vir die prioritisering van plaasmoorde en die beskerming van eiendomsreg om op hierdie manier ruimte te skep.
5. Die bevordering van gemeenskapsaksies teen ongeregtigheid om plaaslike gemeenskappe te bemagtig om verantwoordelikheid vir hul eie sake te neem.

## AfriForum sal bou aan selfstandigheid deur die volgende te doen:

1. Die uitvoering van AfriForum se ankergemeenskapstrategie om gemeenskappe beter te organiseer om na hul eie belange om te sien.
2. Die uitbreiding van AfriForum se gemeenskapsveiligheidstrukture om gemeenskappe weerbaar te maak en sodoende in staat te stel om beter na hul eie veiligheid om te sien.
3. Die bevordering van Afrikaner- en Afrikaanse kultuur om dit wat ons voorouers vir ons nagelaat het ook vir ons kinders na te laat.
4. Samewerking met ander tradisionele en kultuurgemeenskappe om op hierdie manier brûe te bou, bande te smee en saam te werk oor kwessies van gemeenskaplike belang.
5. Steunwerwing uit die buiteland, wat die verspreiding van AfriForum se boodskap insluit, sowel as fondsinsameling om op hierdie manier AfriForum se plaaslike aksies te versterk.



